Die internasionale smokkelhandel in natuurleweprodukte beloop tans meer as vyf miljard dollar per jaar en word in waarde oortref slegs deur die handel in narkotika. Gedurende Maart vanjaar val die kollig weer op dié vraagstuk wanneer die tweejaarlikse konferensie van die ondertekenaars van die Konvensie oor Internasionale Handel in Bedreigde Fauna- and Floraspesies (CITES) in Kyoto, Japan, plaasvind. Dit lok wye belangstelling wêreldwyd en ook in Suid-Afrika uit, veral vanweë die kwessie van die internasionale handel in ivoor en ander olifantprodukte.

# Cites—handel en oorlewing

IMV Jacobson
Departement van Omgewingsake



Die kwessie van internasionale handel in ivoor en ander olifantprodukte is tans baie aktueel, maar CITES fokus nie net op die bewaring van die olifant nie. Baie ander dier- en plantspesies word bedreig deur die mens se gierigheid.

## Renosters

Bo en behalwe berigte en artikels oor die uitroei van olifante vir hulle produkte, het die uitroei van renosters in Afrika en die onwettige handel in veral renosterhoring ook in die afgelope tyd wye mediadekking geniet. Produkte wat hoog in aanvraag is, sluit in dolkhewwe van renosterhoring as 'n teken van welvaart en status in Yemen, medisyne en liefdesdrankies in die Verre-Ooste en kunsprodukte van ivoor veral in Japan en Hongkong.

Die Sumatraanse tier word ook deur gierigheid bedreig en is op die rand van uitwissing. Sover bekend bestaan daar nog net sowat 500 in die natuurlike staat. Hiervan word bykans 200 per jaar deur wilddiewe doodgeskiet of in strikke gevang. Die tier verkoop teen sowat 200 dollar per dier — veel meer as wat talle Indonesiërs per jaar verdien. Die vleis word plaaslik benut, maar die tande, die vel, die skedel en afsonderlike bene word wêreldwyd aan wildhandelaars verkoop.


Met doeltreffende bestuur en teelprogramme kán bedreigde spesies van uitwissing gered word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is dat die getalle van die jagluiperd, wat hoogs bedreig was in Suid-Afrika, weer op 'n gesonde grondslag geplaas is danksy wetenskaplike bestuur en 'n suksesvolle teelprogram in gevangenskap.

Daarbenewens word die Nylkrokodil, wat in Suid-Afrika kwesbaar was, tans ook op betreklike groot skaal in gevangenskap geteel. Handel in krokodilprodukte lewer 'n bydrae tot die land se ekonomie, terwyl die voortbestaan van die krokodil ook in die natuur verseker word.

Links: Diere soos nagapies word soms verkoop as troeteldiere

Regs: Daar is steeds 'n groot vraag na renosterhoring op die swartmark

Foto's: Lorna Stanton en Marek Patzer



## Seelewe en voëls

Nie net grootwild word deur smokkelhandel bedreig nie. Die pragtige koraalriwwe van die Filippyne, waar 'n indrukwekkende verskeidenheid seelewe voorkom, word deur die eilandbewoners kaal gestroop. Duikers plunder die seebodem op soek na giftige seeslange, wat verkoop word vir hulle velle. Twee spesies is reeds daar uitgewis en onwettige looierye is weens die uitwissing besig om te kwyn. Sewe van hierdie slangvelle word gebruik om een handsak te maak. Die handsakke word verkoop teen 'n prys wat hoër is as so 'n duiker se jaarlikse verdienste.

Daarbenewens word die koraal, waarvan die seelewe afhanklik is vir hulle voortbestaan, afgebreek om visse te vang wat daar skuil. Die koraal word dan onwettig aan toeriste verkoop, terwyl die visse hulle weg vind na troeteldierwinkels dwarsoor die wêreld. Die riwwe is tans kaal gestroop en leweloos.

In Australië word die Galah-kaketoe teen 'n paar dollar gekoop. In Europa of Amerika haal die voëls egter 'n paar duisend dollar — 'n geweldige wins, al sou net die helfte van die besending die reis oorleef. (Baie van die voëls vrek gedurende die reis omdat hulle onder haglike toestande deur doeanes gesmokkel word.)

## Die mens se erfenis

Die verskeidenheid van natuurlewe oor die wêreld is die mens se erfenis, maar dit word teen 'n kommerwekkende tempo vernietig. CITES het in 1973 tot stand gekom, juis as gevolg van wêreldwye kommer oor die stand van die natuur.

Hierdie Konvensie is die enigste internasionale ooreenkoms waardeur handel in natuurlewe of natuurlike produkte beheer kan word. Meer as 100 lande het reeds die konvensie onderteken en vergader elke twee jaar om, in samewerking met wettige handelaars en bewaringsorganisasies, te bepaal watter spesies spesiale beskerming nodig het.

Die CITES-sekretariaat met sy hoofkantoor in Lausanne, Switserland,



Ondanks die internasionale verbod op ivoorhandel, is ivoor steeds in aanvraag
Foto: Johan Hosten

bedien lidlande van raad en inligting. CITES is deel van die Verenigde Nasies en die huidige Sekretaris-generaal is Izqiev N Topkov.

Kragtens CITES word bedreigde spesies in twee kategorieë verdeel. Spesies (en hulle produkte) op Aanhangsel I, soos byvoorbeeld verskeie papegaaisoorte wat deur uitwissing bedreig word — alle internasionale handel is verbied, behalwe vir spesiale wetenskaplike doeleindes. Spesies (en hulle produkte) op Aanhangsel II mag wel verhandel word, maar die handel is beperk tot 'n bepaalde kwota wat deur die uitvoerland bepaal word.

Daar is tans 35 000 plantspesies en 2 000 dierspesies op CITES-aanhangsels en uitvoere vind hoofsaaklik plaas vanuit ontwikkelende lande. Vir sommige lande is hierdie handel hul paspoort tot oorlewing.

## CITES-filosofie

CITES glo dat 'n goedbestuurde handel in spesies wat nie bedreig is nie, 'n bate is vir bewaring, want indien 'n geldwaarde aan natuurlewe geheg word, sal dit die plaaslike inwoners aanspoor om dit te bewaar.

Om doeltreffende bestuur van natuurlewe aan te moedig bedryf CITES adviesdienste aan ontwikkelende lande. Die diens het ten doel om hierdie lande in te lig oor maniere om die grootste voordeel te trek uit goedbestuurde handel in natuurlewe.

Die CITES-filosofie is dat die plaaslike inwoners wat in noue kontak met die spesies leef, die primêre bewaarders daarvan is. Om dié rede moet die inwoners aangemoedig word om bewaring toe te pas volgens 'n ou beproefde metode, naamlik dat die mens net 'n klein gedeelte benut van wat die natuur kan onderhou.

Indien benutting natuurlike aanwas oorskry, moet inwoners aangemoedig word om die diere of plante te teel. Dit is immers hoe die mens se veetroppe en pluimvee mak gemaak is en hoe hierdie spesies oorleef het.

Dit is die vaste geloof van CITES dat sy ideaal vir die bewaring van spesies op hierdie wyse bereik kan word.



Tiere word doodgemaak om hulle pragtige pelse teen groot bedrae te verhandel
Foto: Marek Patzer